

BEKOORLIKE KLOSKANT (3)



Foto 1 ▼




Foto 3 ▼




Foto 2 ▼





Foto 4 ▼



Die eerste twee lesse in die maak van kloskant het in die vorige twee uitgawes van ROOI ROSE verskyn. In les drie kan jy leer hoe om 'n kantrandjie te klos

ALE navrae met betrekking tot kloskant kan gerig word aan: mev. Ine Meereboer, Dovestraat 33, Horisonpark, Roodepoort 1724 (tel. (011) 763-3175), of mev. Marie Potgieter, Kilburnstraat 105, Horison, Roodepoort 1724 (tel. (011) 760-1429). Dié twee vroue het die reeks van 6 lesse vir ROOI ROSE saamgestel en bied ook lesse in die maak van kloskant aan.

Kloskantterme

Kruis (cross) – linkerklossie oor regterklossie

Draai (twist) – regterklossie oor linkerklossie

Linnesteek (whole stitch) – kruis; draai; kruis

Dubbele halwe steek (whole stitch; twist) – kruis; draai; kruis; draai

Halwe steek (half stitch) – kruis; draai

Torchon – 1e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai

Torchon – 2e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; draai; DRAAI

LES 3

Grondsteek

Die grondsteek is die agtergrond of net van die kloskant. Torchonkant se grondsteek word van regs bo na links onder geklos. Ná elke ry word weer regs bo begin en skuins na links onder geklos.

Diagram 1: oefenbandjie vir die grondsteek

Plak 'n fotostaat van die diagram op 'n stukkie karton. Wanneer die oefenbandjie vir die grondsteek klaar is en die kopspele uitgetrek is, is dit nie geskik vir gebruik nie, aangesien dit krul en vormloos word.

Gebruik 6 pare klossies; draai 1 m gare om elke paar klossies, dus 1/2 m per klossie. Hang 1 paar klossies elk om kopspele A, B, C en D. Hang 2 paar klossies om kopspele E.

Stap 1

Draai al die pare 1 keer regs oor links

Stap 2

Werk met die paar van speld A en die paar van speld B soos volg:

- a) 2 oor 3
 - b) 2 oor 1 en 4 oor 3
- } halwe steek (foto 1)

c) Steek 'n kopspeid in die middel van die 2 pare op punt 1 in (druk die kopspeid 'n derde van sy lengte in die kus-sing in sodat dit stewig staan en laat dit skuins na agter leun). (foto 2)

Maak weer 'n halwe steek met dieselfde 2 pare:

- d) 2 oor 3
- e) 2 oor 1 en 4 oor 3 (met albei hande gelytydig (foto 3))

Die laaste 2 bewegings maak die kopspeid toe.

Stap 3

Werk kopspeid 2 (foto 4) met die 1 paar van kopspeid C en die linkerkantste paar van kopspeid 1. Werk kopspeid 3 met die linkerkantste paar van kopspeid 2 en die paar van kopspeid D.

- a) Maak 'n halwe steek
- b) Steek kopspeid tussen die 2 pare by kopspeid 3 in
- c) Maak 'n halwe steek om die kopspeid toe te maak (foto 5)

Stap 4

Werk kopspeid 4 met die linkerkantste paar van kopspeid 3 en 1 van die pare van kopspeid E.

- a) Maak 'n halwe steek
- b) Steek kopspeid in tussen die 2 pare by kopspeid 4
- c) Maak 'n halwe steek om die kopspeid toe te maak

Stap 5

Werk kopspeid 5 met die linkerkantste paar van kopspeid 4 en die oorblywende paar van speld E

- a) Maak 'n halwe steek
- b) Steek kopspeid in tussen die 2 pare
- c) Sluit die kopspeid met 'n halwe steek

Stap 6

Trek die opstelkopspele A, B, C, D, en E een vir een versigtig uit en trek die klossies een vir een styf totdat die lussies wat om die opstelkopspele gevorm het nou om die volgende ry kopspele styf trek. Trek die ander kopspele eers uit wanneer die hele patroon klaar geklos is.

Stap 7

Begin die volgende ry regs bo. Werk punt 6 met die paar van punt 1 en die paar van punt 2. (foto 6)

- a) Maak 'n halwe steek
- b) Steek die kopspeid skuins na agter in op punt 6
- c) Maak 'n halwe steek met dieselfde pare om die kopspeid toe te maak

Stap 8

Werk punt 7 met die pare van 3 en die linkerkantste paar van 6.

- a) Werk die halwe steek
- b) Steek die kopspeid in op 7 tussen die 2 pare
- c) Sluit die kopspeid met die halwe steek



Foto 10 ▲



Foto 11 ▲



Foto 12 ▲




Foto 13 ▲

Stap 9

Werk punt 8 met pare van 4 en 7 – halwe steek; speld; halwe steek.

Stap 10

Doen die halwe steek by punt 9 met pare van 5 en 8; speld; halwe steek.

Stap 11

Maak die halwe steek by punt 10 met pare van 5 en 9; speld; halwe steek.

Stap 12

Begin weer regs bo en werk na links onder. Doen dit ry vir ry totdat die oefenbandjie klaar is. Knoop af en sny die klossies af. Haal die spelde uit.

KANTPOTROON (40 cm lank)

Diagram 2: grond en waaier

Benodigdhede: 9 pare klossies met 3 m D.M.C.- of Coats nr. 60-gare op elke paar klossies gedraai (1½ m per klossie); 1 paar klossies met 8 m van dieselfde gare opgedraai (4 m per klossie)

Stap 1

Hang 1 paar klossies om opstelkopspeid A.

Hang 2 paar klossies elk om opstelkopspele B en C.

Hang 1 paar klossies om opstelkopspeid D.

Stap 2

Draai die pare almal 1 keer (regs oor

links).

Stap 3

Begin by punt 1 met die paar van A en die linkerkantste paar van B en maak die grondsteek.

- a) 2 oor 3
- b) 2 oor 1 en 4 oor 3
- c) speld
- d) 2 oor 3
- e) 2 oor 1 en 4 oor 3
- f) Vir 'n stewiger patroon, draai die pare weer 1 keer soos volg: 2 oor 1 en 4 oor 3.

Stap 4

Werk punt 2 met die regterkantste paar van B en die paar van C.

Stap 5

Werk punt 3 met die pare van 1 en 2.

Stap 6

Begin weer regs bo en werk punt 4 met die pare van C en D.

Stap 7

Werk punt 5 met die pare van 2 en 4.

Stap 8

Trek nou die kopspele by A, B, C en D uit en trek die klossies een vir een totdat die boonste lusse mooi pas om die 1e ry kopspele. Al die ander spelde word eers uitgetrek wanneer die werk klaar is.

Stap 9

Werk punt 6 met die pare van 3 en 5.

Stap 10

Werk punt 7 met die pare van 4 en 5.

Stap 11

Werk punt 8 met die pare van 6 en 7. Voordat daar nou voortgegaan word met die grondsteek, word die waaierpatroon eers aan die linkerkant geklos.

Waaierpatroon

Stap 12

Hang 3 pare klossies oormekaar om kopspeid 9 (links).

Hang ook die weefpaar met 8 m gare op om kopspeid 9 en laat albei die klossies van die weefpaar links hang. (foto 7)

Namate die waaier breër word, word 'n paar klossies van die regterkant af gebruik; namate die waaier kleiner word, word 'n paar klossies op 'n slag aan die regterkant uitgelaat.

Stap 13

Begin aan die linkerkant van punt 9 en maak die linnesteek. Werk pare 1, 2, en 3 plus die 1 paar van punt 1. (foto 8)

Stap 14

Draai die weefpaar 2 keer.

Stap 15

Steek die kopspeid onder die weefpaar by punt 10 in. (foto 9)

Stap 16

Weef nou in linnesteek terug na punt 11. (foto 10)

Stap 17

Draai die weefpaar 2 keer.

Stap 18

Steek die kopspeid skuins na buite onder die weefpaar in.

Stap 19

Maak die linnesteek deur 4 pare na regs plus die paar van punt 3. (foto 11)

NA BLADSY 96

KLOSKANT

Stap 20

Draai die weefpaar 2 keer.

Stap 21

Steek die kopspeid in op 12.

Stap 22

Werk terug deur 5 pare na 13.

Stap 23

Steek die kopspeid in op 13 en weef na punt 14 plus die paar van punt 6.

Stap 24

Steek die kopspeid in by 14.

Stap 25

Werk deur 6 pare na punt 15 en steek die kopspeid in.

Stap 26

Werk deur 6 pare plus 1 paar van punt 8 na punt 16 en steek die kopspeid in.

Stap 27

Werk deur 7 pare na punt 17.

Stap 28

Werk deur 6 pare na punt 18; laat 1 paar uit; steek die kopspeid in op 18. (foto 12)

Stap 29

Werk deur 6 pare na punt 19; steek die kopspeid in.

Stap 30

Werk deur 5 pare na punt 20; laat 1 paar uit; steek die kopspeid in by 20.

Stap 31

Werk deur 5 pare na punt 21; steek die kopspeid in.

Stap 32

Werk deur 4 pare na punt 22; laat 1 paar uit; steek die kopspeid in op 22.

Stap 33

Werk deur 4 pare na punt 23.

Let daarop dat die paar aan die regterkant net binnekant kopspeid 22 ook uitgelaat moet word na die grondpatroon toe.

Stap 34

Skuif die 3 pare en 1 weefpaar na links op die kussing en plaas 'n lang kopspeid met 'n groot kop ('n bloemistespeld) tussen hierdie pare en die res van die pare op die kussing. Dié speld is net tydelik en help om die grondklossies en die waaierklossies uitmekaar te hou terwyl gewerk word. (foto 13)

Grondsteek

Stap 35

Werk eers die grondsteek van regs bo na links onder vanaf punte 24 tot 37 volgens nommervolgorde. Die pare van die grondsteekpatroon moet almal 1 keer gedraai wees (regs oor links). Let daarop dat die pare wat uitgelaat is by punte 16, 18, 20 en 22 van die waaier 2 keer gedraai word voordat dit gewerk word.

Stap 36

Werk punt 24 met pare van 7 en 8.

Stap 37

Werk punt 25 met pare van 24 en 16.

Stap 38

Werk punt 26 met pare van 25 en 18.

Stap 39

Werk punt 27 met pare van 26 en 20.

Stap 40

Werk punt 28 met pare van 27 en 22



Foto 5 ▲



Foto 6 ▲



Foto 7 ▲



Foto 8 ▲



Foto 9 ▲

Stap 41

Begin weer regs bo en werk punt 29 met pare van 24 en 25.

Stap 42

Werk punt 30 met die pare van 26 en 29.

Gaan so voort tot by punt 37.

Stap 43

Skuif al die pare van die grondpatroon na regs op die kussing. Verwyder die groot kopspeid en werk soos volg aan die waaier:

Waaier

Let daarop dat die passiewe drade van die waaier nie gedraai is nie. Al die pare van die grondsteek is gedraai – ook die pare wat van en na die grondpatroon gewerk word, moet gedraai word (2 keer regs oor links).

Stap 44

Punt 23 is klaar gewerk. Werk linnesteek deur 3 pare van die waaier en 1 paar van punt 28; draai 2 keer; steek

die kopspeid in op punt 38.

Stap 45

Werk die linnesteek tot by punt 39; draai 2 keer; steek 'n kopspeid in op punt 39.

Stap 46

Hou so aan werk tot by die breedste deel van die waaier, punt 45. Herhaal vanaf stap 28 soos in die 1e waaier.

Neem drade in op 40, 42 en 44 en gooi drade uit op 44, 46, 48 en 50. Hou so aan werk totdat die patroon voltooi is of so lank as wat verlang word. Eindig die kantstrook by punte E, F, G en H sodat dit ooreenstem met die begin van die strook. Knoop die pare twee-twee af, sny die klossies af, haal die kopspeide uit en werk die drade in. Behalwe in linnesteek, kan die waaierpatroon ook in halwe steek of dubbele halwe steek geklos word.

DIE OPSPEID-PROSES

As die patroon langer as die kussing is, moet die werk opgeskuif word. Ons noem dit *opspeid*. 'n Ekstra fotostaat op karton geplak is hiervoor nodig. Wanneer jy nie meer verder op die 1e patroon kan werk nie, gaan dan só te werk:

Stap 1

Speld al die klossies aan die deklap wat onder hulle lê vas. Moenie die deklap aan die kussing vasspeid nie. Maak 'n "pakkie" van die klossies en die deklap deur die kante van die deklap (regs en links) bo-oor die klossies na binne. Vou die onderkant na bo. Speld die "pakkie" stewig vas aan die bo- en onderkant sodat daar nie spanning op die drade is nie.

Stap 2

Haal al die kopspeide uit jou kloswerk. Tel die "pakkie" en die kantstrook versigtig op om dit op te skuif. Plaas die nuwe patroon hoog op die kussing. Sit die laaste 2 waaiers van jou kantstrook bo-op die 1e 2 patrone neer en steek al die kopspeide deur die gemaakte kant weer terug op hulle plekke in die patroon. Maak seker dat die kopspeide almal weer op hulle plekke is voordat die "pakkie" oopgemaak word. Maak ook seker dat die drade reg hang voordat jy verder klos totdat die kantstrook die verlangde lengte is.

ALTERNATIEWE METODE

Gebruik 'n ekstra stuk polistireen en plaas dit teenaan die onderkant van die kussing. Plaas die 2e fotostaat van die patroon, wat op karton geplak is, teen die onderkant van die 1e patroon. Die 2 patrone moet presies op mekaar volg, daarom moet dit goed gelas word. Speld die 2e patroon onderkant die 1e patroon op die kussing vas sodat die las wat die kussing en die polistireen vorm, onder die 2e patroon is. Die kopspeide aan die begin van die werk kan verwyder word tot sowat 10 cm vanaf die punt waar gewerk word. Die kopspeide keer dat die werk skeeftrek of sy vorm verloor.